# HOOFSTUK 6

# ‘N POSTSTRUKTURALTIESE FEMINISTIESE DISKOERS

## 6.1. Algemene Inleiding

Die dominante diskoers waarop die Afrikaanse Gereformeerde tradisie rus, is dat die rolle en funksies van vroue in die kerk en samelewing biologies gedetermineerd en goddelik verorden is [vergelyk **Hoofstukke 3-4**]. Dit is uit voorafgaande hoofstukke duidelik dat die Du Plessis kerklike diskoers en die kerklik-sosiale diskoers die teologie, vroue en swartes gevange gehou het. In die lig van voorafgaande kan tot die gevolgtrekking gekom word dat poststrukturalisme nuwe insigte aan Afrikaanse Gereformeerdes gee hoe om hierdie dominante diskoers te dekonstrueer. Gevolglik word die fundamentele diskoers van die Afrikaanse Gereformeerde tradisie in **Hoofstuk 6** met ‘n poststrukturalistiese diskoers vervang waarbinne die historiografieë, antropologiese voorveronderstellings, dualistiese denkraamwerke, taalkonstruksies, die enkelnatuurmodel, die epistemologiese voorrang van vroue, die materiële basis van mag, ensovoorts aan die hand van poststrukturalistiese insigte gedekonstrueer word. In **Hoofstuk 6** word gevolglik ‘n poststrukturalistiese feministiese diskoers voorgestel.

## 6.2. Die dekonstruksie van die teologiese antropologie

### 6.2.1. Historiografie

In ‘n poststrukturalistiese feministiese diskoers word historiese gegewens aan die hand van die poststrukturalistiese insigte van Foucault met betrekking tot argeologiese geskiedskrywing gedekonstrueer. Gevolglik word daar onder andere klem gelê:

- op ‘n metode van historiese analise wat van die voorveronderstelling uitbeweeg dat geskiedenis ‘n sosiale konstruksie is [Foucault 1988: 178]:

- dat die konsepsuele kategorieë wat historici gebruik, bepaalde voorveronderstellings oor die historiese subjekte skep. Seksistiese, patriargale, androsentriese metafore en beelde word in 'n poststrukturalistiese historiese analise gedekonstrueer [Frader 1995:225]:
- dat in 'n poststrukturalistiese historiese analise taal nie slegs gebruik word om oor die sosiale realiteite en historiese konteks te reflekteer nie, maar dat taal gebruik word om die historiese gebeure en die menslike bewusssyn konstitueer [Canning 1994:370]:
- dat in 'n poststrukturalistiese historiese analise na die onderliggende diskoers in die teks ondersoek behoort gedoen te word [Bakker 1973:34].

### 6.2.2. Antropologie

In 'n poststrukturalistiese feministiese diskoers word die antropologiese voorveronderstellings gedekonstrueer. Dientenvolge word daardeur klem gelê:

- op transformasie van die houdings en sosiale strukture wat vroue struktureel verdruk, onderdruk en op 'n geslagtelike wyse marginaliseer. Daar word dus nie slegs op die opheffing van biologiese verskille soos in die geval van die enkelnatuurmodel nie klem gelê nie [Graff (red) 1995:28]:
- op die beweging vanaf 'n dualistiese, patriargale, androsentiese antropologie na 'n relasionele, transformatiewe antropologie, waar die volle humaniteit van alle mense ongeag ras en geslag en klas ondervang word. Die klem val in die transformatiewe antropologiese model op die eenheid tussen die twee geslagte [Buckley 1979:59].

### 6.2.3. Dualisme

In 'n poststrukturalistiese feministiese diskoers word dualistiese denkraamwerke gedekonstrueer. Gevolglik word daar klem gelê:

- daarop dat westerse dualisme nie slegs beperk is tot seksualiteit nie, maar dat dit verder sosiologies geprojekteer word as klasse -, rasse - en etniese dominasie [Graff (red) 1995:26]:
- op die wegbeweeg van 'n dualistiese, hiërargiese, antroposentriese, androsentriese, patriargale en universele teologiese denkraamwerk na 'n holistiese integrasie van liggaam en denke [Ackerman 1989:53]:
- op die insig dat alle menslike konstruksies van denke relatief en feilbaar is:
- op die gemeenskaplike interafhanklikheid van geslagte, die gelykwaardigheid van alle mense ongeag ras, geslag, kleur, afkoms, kultuur. Paternalistiese, patriargale antropologie moet vervang word en nuwe holistiese beelde moet gevind word wat die volle mensheid van alle mense ongeag ras, klas, geslag beklemtoon [Ackerman 1992:14].

### 6.2.4. Taal

In 'n poststrukturalistiese feministiese diskoers word taalkonstruksies gedekonstrueer aangesien:

- die **binêre opposisies** na die dieptestrukture, dit is die dominante diskoerse, die sosio-ekonomiese realiteite waarop die teks gebaseer is, verwys. Die dominante diskoerse kan nie deur die herlees of herinterpretasie van die oppervlakinligting van die teks nie verander word nie [Milne 1989:21-23]:
- die taal wat in skryf en praat gebruik word, reflekteer nie net grammatikale en/of ortografiese implikasies nie, maar reflekteer die **sosiale realiteite**. Daar is

'n voortdurende wisselwerking tussen taalgebruik en die sosiale strukture [Ackerman 1993:19]:

- **eksklusiewe taal** word in die konstruering van stereotypes gebruik. Met inklusiewe taal daarteenoor, word nie die meganiese gelykopverdeling van manlike en vroulike taalvorme of die omruiling van rolle van mans en vroue bedoel nie [vergelyk Miller en Swift 1989:11-44 &163-165, asook Adey et al.1989:226-227]. Die poststrukturalistiese feministiese benadering se doel is nie om een stel stereotipe slegs deur 'n ander te vervang nie, maar 'n poststrukturalistiese feministiese benadering wil seksistiese taal en klassieke feministiese taal na vennoootskaplike taal transformeer.

### 6.2.5. Vroue as diskoersobjek

#### 6.2.5.1. Die enkelnatuurmodel

In 'n poststrukturalistiese feministiese diskoers word vroue as diskoersobjekte gedekonstrueer. Gevolglik word:

- biologiese essensialisme [die biologiese verskille tussen mans en vroue] as verduideliking vir die ongelykhede tussen geslagte verwerp. Daar is dus geen individuele pre-eksistensiële geslagtelike objek, wat voor die diskursiewe konstruksie van geslag bestaan nie [Pitt 1998:398]:
- universele waarheidsuitsprake oor vroue/mans vermy. Daar is nie 'n tipiese universele vroulike en 'n tipiese universele manlike natuur nie [Ruether 1998:70]:
- daar vanuit die voorveronderstelling beweeg dat die digotomie tussen die geslagte, die dualisme tussen mans en vroue, wat die verstand assosieer met alles wat manlik is en die liggaam met alles wat vroulik is, deur die dominante diskoers gekonstitueer word [Pitt 1998:402]:

- daar vanuit die voorveronderstelling beweeg dat konsepte soos klas, ras, seksualiteit en geslag binne diskursiewe velde gekonstitueer is en dus veranderlik is [Dolan 1989:59].

**6.2.5.2. Epistemologiese voorrang van vroue**

In ‘n poststrukturalistiese benadering vind ‘n verskuiwing van die epistemologiese voorrang van vroue plaas. Dientenvolge:

- het die epistemologiese voorrang van vroue inherent in ‘n poststrukturalistiese benadering geen essensiële betekenis nie. Die vroue-ervaring as epistemologiese voorrang, as beginpunt in die teologiese refleksie, word deur ’n poststrukturalistiese benadering afgewys, aangesien daar geen beginpunt of eindpunt in ’n poststrukturalistiese benadering is nie. Betekenisvolle ervaring word immers deur taal gekonstitueer [Gavey 1989: 461]:
- geniet vroue-ervaring nie ‘n epistemologiese voorrang van die waarheid nie [Dolan:1989:60]. Poststukturalisme bevraagteken die outentisiteit van ervaring as waarheid [Dolan 1989:64]:
- word valse universalisme en die fragmentering van mans en vroue in verskillende geslagtelike strukture vermy. Daar kan dus nie in ‘n universele stem van vroue ervaring gepraat word nie.

**6.2.5.3. Magsgebaseerde verhoudings**

In ‘n poststrukturalistiese diskoers word verdrukkende, hiëragiese, magsgebaseerde verhoudings gedekonstrueer. Dit volg dan dat:

- mag nie iets is wat een groep van mense slegs oor ander uitoefen nie [Pitt

1998:398]:

- dit nie genoeg is om slegs androsentrisme, rassisme, seksisme, klassisme, patriargie aan te val nie [Coole 1993:89]. ‘n Poststrukturalistiese benadering beklemtoon veel eerder die materiële basis van mag [byvoorbeeld sosiaal, ekonomies, kultureel] en die behoefte vir verandering op die vlak [Gavey 1989:464]:
- magsgebaseerde verhoudings vervang moet word met vennootskaplike verhoudings wat nie-dualisties en nie-hiërargies van aard is [Howell 1997 :233].

### 6.2.6 Die verskuiwing in die leesproses

#### 6.2.6.1. Die *imago Dei*

‘n Poststrukturalistiese hermeneutiek gaan van die veronderstelling uit dat:

- nuwe en inklusiewe metafore vir die denkbeeld van God nodig [Ackerman 1992:19]:
- die Bybelse tekste ‘n partriargale inhoud het en dat beide die outeurs en die leser deur patriargale denkraamwerk beï nvloed word:
- nie slegs ‘n herlees van die Bybelse tekste nodig is nie, maar dat ‘n dekonstruksie van die diskoerse wat die teks onderlê noodsaaklik is.

#### 6.2.6.2. Bybelse eksegese

‘n Poststrukturalistiese diskoers vir die hermeneutiek behoort deeglik kennis te neem dat:

- Bybelse eksegese gehelp het om ‘n androsentriese patriargale antropologie te skep:
- die Bybelteks nie ‘n universele perspektief presenteer nie, maar slegs die

perspektief van een gedeelte, naamlik die manlike gedeelte van Bybelse Israel presenteer [Milne 1989:27]. Die probleem lê in die dieptestrukture van die teks en nie slegs in die interpretasie van die teks nie.

## 6.3. Navorsingskonklusie

Die fundamentele patriargale teologiese basis van die Afrikaanse Gereformeerde tradisie, die tradisionele geskiedskrywing, die subjektivistiese antropologiese tema, die gebruik van dualistiese konsepte en androgene **taal**, word in die **Hoofstukke 3 en 4** aan die hand van die insigte van Foucault en die poststrukturalistiese feministiese teorieë aangaande die wisselwerking tussen die teks en die leser, die subteks, die dieptestrukture in 'n teks**, gedekonstrueer.** Die navorser beweeg in **Hoofstuk 6** van die voorveronderstelling uit dat die dekonstruering van die teologiese antropologie in 'n **poststrukturalistiese feministiese diskoers** uitmond. Die finale gevolgtrekking waartoe in hierdie proefskrif gekom word, is dat insigte van poststrukturalisme gebruik kan word om die fundamentele patriargale diskoers te dekonstrueer en dit met 'n poststrukturalistiese feministiese diskoers te vervang.

Die basiese metodologiese model in die proefskrif is dat daar beweeg word vanuit die voorveronderstelling dat taal mense tot afhanklike subjekte konstitueer **[Hoofstuk 2]** na 'n poststrukturalistiese feministiese diskoers **[Hoofstuk 6**]. In **Hoofstukke 3 tot 4** word klem gelê op die relasie tussen teologiese uitsprake en die ekklesiologiese strukture. Daar is 'n onmiskenbare relasie tussen die stellings, besluite, teologiese uitsprake en/of teologiese voorveronderstellings van die NGK en die ontwikkeling van geslagtelike aparte strukture in die voormalige NGSK en NGKA asook huidige VGKSA. Die ontwikkeling van 'n eie swart teologiese antropologie in die voomalige NGSK en die NGKA sou slegs enkele aksentverskuiwings in die teologiese antropologie teweegbring.

Die teologiese voorveronderstellings van die NGK **[ Hoofstuk 3]** verskaf die raamwerk vir die teologiese antropologie van die voomalige NGSK en die NGKA asook die huidige VGKSA [**Hoofstuk 4]**. Die navorser beklemtoon die dekonstruering van die patriargale antropologie aan die hand van die poststrukturalistiese insigte in **Hoofstuk 5**, waar leser en skrywer bewus is dat taal dinge, mense en die wêreld konstitueer. In die **Hoofstuk 6** word ‘n poststrukturalistiese feministiese diskoers voorgestel.

**Geskiedenis, argeologie, genealogie, diskoers** en **taal** vorm die hoekstene van die benadering in hierdie proefskrif. In **Hoofstukke 3 en 4** was die verbande, die afhanklike, funksionele rol van vroue in **geskiedenis** van die Afrikaanse Gereformeerde tradisie as probleemstelling geselekteer. Daar is onder andere vasgestel dat daar ‘n relasie tussen die breë kerklike diskoers oor vroue, teologiese uitsprake, teologiese voorveronderstellings, kerkordelike bepalings en reglemente, administratiewe reëlings, bestaan en die konstituering van vroue in geslagtelike aparte rasgebaseerde verenigingsstrukture in die Afrikaanse Gereformeerde tradisie is.

Uit die navorsing blyk dit dat die sinodes in die Afrikaanse Gereformeerde tradisie as instellings fungeer, wat mag het en wat grense kan verskaf waarin mense as **diskursiewe** objekte mag handel. In die Du Plessis saak fungeer die sinode as ‘n beheer-praktyk wat daarop gemik is om gehoorsame individue te skep. Die sinodes, Afrikaanse Gereformeerde teoloë en die vroueverenigingsstrukture sou die konsepsuele kategorieë verskaf om vroue as diskursiewe objekte te beskryf.

Die proefskrif toon aan dat daar ‘n direkte verband tussen woorde en dinge en/of strukture bestaan. Standpunte wat die geslagtelike aparte diensverenigings op gemeentelike-, rings-, en/of sinodale vlak kondoneer, het deur die loop van jare gesag oor vroue uitgeoefen en is subjekposisies sodoende gevestig. Die geslagtelike aparte

verenigingsstrukture, opleidingsentra, literêre bydraes, die kleredragdiskoers, die amptediskoers fungeer in die Afrikaanse Gereformeerde tradisie as ruimtes waar vroue as diskoersobjekte gekonstitueer word. Etlike sinodale besluite, teologiese uitsprake asook talryke regulasies sou die afgelope eeu die aktiwiteite van vroue as diskursiewe subjekte bepaal en/of begrens.

Die Afrikaanse Gereformeerde tradisie se teologiese voorveronderstellings met betrekking tot vroue as kulturele objekte word in die proefskrif as losstaande eenhede van kennis, praktyke en programme beskou, wat met verloop van tyd bymekaar gevoeg is. Daar kan gevolglik nie 'n voorafbeplande program om vroue in afhanklike rolle te konstitueer uit die **historiografie** afgelei word nie. Die denkraamwerke en handelinge van die Afrikaanse Gereformeerdes word egter deur die dominante diskoerse beïnvloed en gereguleer word. Die Afrikaanse Gereformeerdes identifiseer hul met hierdie dominante diskoerse en dien dit asook die waardes van die **dominante diskoerse** sonder om dit te bevraagteken.